Bloemfontein Baptiste Kerk

051- 451 1017 kerk@kerk.co.za www.kerk.co.za bfn_baptiste Bloemfontein Baptiste Kerk

# MOEDERSDAG

## Dinge waaraan Maria ons sou herinner:

1. Planne verander, maar God is in _______________.

**Lukas 1:31-37** Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie." Maar Maria sê vir die engel: "Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. Niks is vir God onmoontlik nie."

2. Hou vas aan wat _____________________.

**Lukas 1:38** Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het." Toe het die engel van haar af weggegaan.

**Markus 5:36** …"Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!"

**Romeine 10:11** Die Skrif sê tog: "Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie."

**Romeine 10:17(AOV)** Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.

3. Spandeer tyd saam met mense wat ___________________.

**Lukas 1:42** …Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!

**Lukas 1:45** Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!

4. Spandeer tyd saam met _____________________.

**Lukas 1:46-48** En Maria het gesê: "Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het.

**Lukas 2:19** Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink.

**Lukas 2:51** …Sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

5. Onthou jy het 'n _______________.

**Johannes 2:5** Sy moeder sê toe vir die kelners: "Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen."

**Hebreërs 10:24-25** Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade. Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

**2 Timoteus 1:6-7** Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas. Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

**Ester 4:14** Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het!"

6. Onthou die _____________________ in Jesus.

**Johannes 19:25-27** By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

**Handelinge 1:14** Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.